

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 51: Nitzavim (נצבים) – Wanneer Jy Staar

Onderhou dan die woorde van hierdie verbond en volbring dit, sodat julle voorspoedig kan uitvoer alles wat julle doen. Deut. 29:9

Torah : Deut. 29:9 tot 30:20

- ❖ **Ons Behoud Is Torah-Gehoorsaamheid**
- ❖ **Deut. 29:14 en 15** – Ook Die Wat Nie Vandag Hier Staar Nie.
- ❖ **Deut. 29:29** – Die Geheimnisse Van YHVH

Haftorah: Jes. 61:10 tot 63:9 – Die Herstel Van Israel

Hernieuwe Verbond: Luk. 24:1 tot 12; Hebr. 8:7 tot 12; Rom. 1:18 tot 25; Rom. 2:28 en 29; Kol. 2:11; Rom. 10:6 tot 8; Joh. 10:1 tot 5; Open. 22:18 tot 20; Open. 3:5.

There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegaard.

Holiness is the art and science of living respectfully within the God given boundaries of life – Rabbi Lam.

Midrash (Torah Bespreking)

Ons Behoud Is Torah-Gehoorsaamheid

Wanneer ons die name van hierdie en die vorige twee parashot bymekaar voeg, kry ons die volgende prentjie: Wanneer jy uitgaan (*Ki Tetze*), naamlik uit die wildernis, en jy ingaan (*Ki Tavo*), naamlik in die land Kanaän, dan moet jy staan (*Nitzavim*), naamlik vashou aan die Torah sodat jy staande kan bly en in alles voorspoedig kan wees.

Hierdie gedagte kan ook die volgende beteken: Gaan uit haar uit my volk (Open. 18:4) en neem die seëninge van Torah-gehoorsaamheid in besit (Deut. 28:1 tot 14) sodat jy staande kan bly tot die einde (Efes. 6:11 en 13).

Ons openingsvers kan ook soos volg gelees word: Onderhou (*sh'mar – luister met die doel om daarvolgens te reageer*) dan die woorde (*dabar – Yeshua is die Woord*) van hierdie verbond (*van die Torah – die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH*) en volbring dit (*asah – handel nougeset daarvolgens*), sodat julle voorspoedig (*sakal – met wysheid en insig*) kan uitvoer alles wat julle doen.

Torah-gehoorsaamheid is dit wat ons staande sal laat bly in die einde van dae wat op hande is en waarvan ons reeds die begin beleef!

En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. Luk. 21:25 en 26.

Ons leef in tye van `n toename in die aantal en intensiteit van aardbeweings. Hiermee saam is daar klimaatsveranderinge wat toenemende droogtes en hongersnood meebring, maar ook ongekende vloedskade in verskeie lande veroorsaak. Veranderinge in die hemelruim bevestig die moontlikheid dat `n groot meteoriet die aarde in die nabye toekoms met katastrofiese gevolge kan tref. Daar is ook onrusbarende veranderinge in die aarde se magnetiese veld en uitbarstings van die son wat ons elektriese- en telekommunikasie netwerke in duie kan laat stort. Die komende bloedmaantetrade wat saamval met YHVH se Bestemde Tye gedurende 2014 en 2015 het ook waarskynlike profetiese betekenis.

Pandemies en epidemies wat groot getalle mense sal uitwis en ekonomiese chaos kan veroorsaak, is `n werklikheid. Dink maar aan die toenemende negatiewe impak van VIGS op die sosio-ekonomiese stelsel van ons samelewing. Wetenskaplikes kan skaars voorbly met die ontwikkeling van nuwe antibiotikas wat weerstandbiedende organismes kan dood. Volgens die Wêreld Gesondheidsorganisasie is daar `n toename in huidig ongeneeslike siektes. Die huidige uitbreek van Ebola in verskillende lande is bewys hiervan.

Op die politieke front is die onrus in die Midde-Ooste `n voortslepende kruitvat wat enige oomblik kan ontplof. Fanatiese Moslems is bereid om hulle lewens op te offer vir hulle geloofsoortuigings. In hierdie stryd sal hulle selfs van kernwapens gebruik maak. Lande, soos Noord Korea, wat oor kernwapens beskik, en ander lande soos Iran wat besig is om kernwapens te ontwikkel, se dreigende houding en oënskynlike bereidwilligheid om aan terroristegroepe kernwapens te voorsien, is rede tot groot kommer. Geweld, terrorisme en etniese oorloë is steeds aan die toeneem. Die stryd vir wêreldvrede lyk reeds verlore te wees.

Die wêreld ondervind `n toenemende ekonomiese krisis waarvoor geen oplossing of uitkoms op die horison sigbaar is nie!

Op sosiale gebied is morele verval onstuitbaar aan die toeneem. Blootstelling en deelname aan onsedelikheid en immoraliteit is beskikbaar by die druk van `n knoppie. YHVH se onderrig en instruksies (Sy Torah) is verruil vir seksuele vryheid en bandeloosheid. Verslawing is besig met `n wurggreep op `n toenemende aantal mense. Die negatiewe impak wat sosiale verval op die samelewing het, is reeds duidelik sigbaar. Die dae van Sodom en Gomorra is nie meer die geskiedenis van die verlede nie, maar die werklikheid van die hede.

Bogenoemde is 'n baie somber prentjie. Dit wek vrees en onsekerheid by talle en laat die mens feitlik magteloos. Hierdie is egter harde feite wat die kwesbaarheid van die mensdom en die wêreld bevestig en dat komende chaos 'n werklikheid is.

Yeshua Messias het meer as 2000 jaar gelede gewaarsku dat so 'n tyd sal kom en die woorde van Messias in Luk 21:25 en 26, asook in Matt. 24:1 tot 14, is 'n raak beskrywing van die huidige situasie waarin die mensdom hom vandag bevind. Dit is soos in die dae van Noag!

יהוה het gesien dat die boosheid van die mens groot was op die aarde en dat elke vorming van 'n gedagte in sy gedagtes en wil, altyd deur boos was en יהוה was spyt dat Hy die mens op die aarde gemaak het en daar was pyn in Sy binneste. יהוה sê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het van die aarde af vernietig, die mens sowel as die diere, die reptiele en die voëls van die hemel; Ek is spyt dat Ek hulle gemaak het." Noag het egter guns gevind in die oë van יהוה. Gen. 6:5 tot 8 – PWL¹

Yeshua het gesê: *En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is* (Luk.21:28). Alle tekens dui dus daarop dat die wederkoms van Yeshua naby is. Indien wêreldgebeure saam met ander profesieë van die Afgesonderde Skrifte aangaande die eindtye gesien word, is dit feitlik 'n uitgemaakte saak dat ons die geslag is wat Yeshua se wederkoms sal sien!

Sal jy en ek ook soos Noag guns vind in YHVH se oë?

Daar is egter dié wat ten spyte van hierdie dreigende chaos steeds voortgaan asof Yeshua se wederkoms en YHVH se oordeel nooit sal kom nie. Hulle is as te ware spotters van YHVH omrede hulle sy waarskuwing verontagsaam. Petrus herinner ons daaraan dat daar sulke mense sal wees toe hy gesê het:

Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.
2 Pet. 3:3 en 4.

Die Krav Maga²

Ek het 'n geruime tyd gelede 'n skrywe van Eric Wesh ontvang waarin hy 'n vergelyking tref wat vir ons elkeen 'n aansporing en bemoediging sal wees, veral vir ons wat terugkeer het na geloof tot redding deur Yeshua Messias wat deur 'n leefwyse van Torah-gehoorsaamheid opgevolg word. Eric skryf ondermeer die volgende:

Ek noem vandag se gedagte: Die 'Krav Maga' van Evangelies-Messiaans wees!die middag terwyl ek aan hierdie briefie skryf, roep my seun om op Discovery te kyk na 'n program oor 'Krav Maga,' die IDF (Israeliese Weermag) se oorlewing-vegtegniek!

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

² *Krav Maga* is a tactical martial system developed in Israel that consists of a wide combination of techniques sourced, along with realistic fight training. Krav Maga is known for its focus on real-world situations and extremely efficient and brutal counter attacks. It was derived from street-fighting skills developed by Slovakian-Israeli martial artist Imi Lichtenfeld who made use of his training as a boxer and wrestler, as a means of defending the Jewish quarter against fascist groups in Bratislava in the mid-to-late 1930s. In the late 1940s, following his immigration to Israel, he began to provide lessons on combat training to what was to become the Israeli Defense Force (IDF) who went on to develop the system that became known as Krav Maga. [Wikipedia]

Krav Maga is brutale oorlewingkuns, om elke aanval af te slaan en die vyand so gou moontlik uit te skakel, om altyd staande te bly en voort te beweeg. Om die kursus te slaag moet die student tien aanvallers agtereenvolgens baklei, so leer hul om nooit moed op te gee nie, om te fokus en innoverend te baklei. Die belangrikste van 'Krav Maga' is die sielkundige ingesteldheid, voortdurende paraatheid, dit leer Israelis dat hulle enige tyd, enige plek aangeval kan word en dan outomaties met geweld terug moet veg.

My pleidooi geliefdes, is dat ons ook geestelik, 'teologies/ doktrinaal', ook die 'Krav Maga' van ons geloof moet bemeester indien ons, soos Kaleb van ouds, die Land in besit wil neem, geestelik en selfs fisies. Of ten minste moet ons die volgende geslag leer om dit te kan doen, want hulle wat uit Egipte en die Wildernis kom, het nie die Land ingegaan nie.

Maar wees gewaarsku: Hierdie is Krav Maga, wees gereed vir 'n klap en 'n skop!

Ons behoud sal vertrou in Yeshua as Messias en Torah-gehoorsaamheid wees!

Bepeins of Bespreek:

1. Is jy *Krav Maga*-gereed om getoets te word? Is jy gereed vir die vuurtoets van YHVH? Het jy jouself al beproef voor Vader gestel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, maar wat die Woord suiwer verkondig en leef (2 Tim. 2:15)? Indien nie is dit tyd dat jy jouself inoefen om 'n vreeslose vegter vir die waarheid en die onvervalste Woord van YHVH te word! 'n Soldaat wat te midde van al die aanvalle sal oorleef en oorwin op grond van die Waarheid!
2. Die beginsel van wysheid is die vrees van YHVH (Spr. 9:10). Die wat Hom vrees het geen gebrek nie en sal YHVH se goedheid ondervind. *Vrees YHVH, o sy afgesonderdes, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie. Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat YHVH soek, het geen gebrek aan enigiets nie.* Ps. 34:10 en 11. Die ware betekenis van die vrees (respekvolle eerbied) van YHVH het verlore geraak in 'n selfisme-gedrewe godsdiens van eie geregtigheid!
3. Vreugde is die eenvoudigste wyse om dankbaarheid te toon. Vreugde van Torah-gehoorsaamheid is bewys van dankbaarheid. Torah-gehoorsaamheid sonder die gepaardgaande vreugde van die daad is wettiesheid!

Deut. 29:14 en 15 – Ook Die Wat Nie Vandag Hier Staan Nie.

Ek sluit nie nou hierdie verbond en hierdie eed met jul alleen nie, maar beide met hulle wat vandag hier saam met ons voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, staan én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie. Deut.29:14 en 15 – PWL.

Ons elkeen was ook teenwoordig toe Israel in die teenwoordigheid van YHVH by die berg Sinai gestaan het en op die verbondsvoorwaardes geantwoord het deur te sê: *Alles wat YHVH gespreek het sal ons doen en daarna luister* (Ex. 24:7). Soos ons deel is van die verbond wat YHVH met Abraham gesluit het, so is ons ook deel van die verbond wat YHVH by die berg Sinai – die verbond van die wet – met Israel gesluit het.

Paulus bevestig in sy brief aan die Efesiërs dat in Yeshua is ons deel van die **verbonde** (Efes. 2:12). Ons wat vervreemd was van die burgerskap (*commonwealth*; statebond) van Israel, en

vreemdelinge ten aansien van die **verbonde** van die belofte, het nou deur Yeshua deel van YHVH se volk (Israel) geword.

Baie min Christene besef of verstaan dat hulle deur geloof in Yeshua Messias, naamlik deur wedergeboorte, deel word van YHVH se volk en dus van Israel. Lees noukeurig wat is die belofte van die nuwe (hernieude) verbond soos opgeteken is in Heb. 8:8 en 9.

Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek YHVH, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek YHVH.

Hierdie is die profesie soos opgeteken is in Jer. 31:31 tot 34.

Met wie sal YHVH die nuwe verbond sluit? Met die **huis van Israel** en met die **huis van Juda!!!** Elkeen wat Yeshua Messias as Verlosser aanneem behoort dus of aan die huis van Israel of aan die huis van Juda. Hierdie twee huise saamgevoeg vorm die hele Israel, naamlik YHVH se koninklike priesterdom en afgesonderde (heilige) volk.

Elke gelowige in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias is dus of deel van die huis van Juda of deel van die huis van Efraim. In die lig hiervan kan die belofte van die hernieude verbond soos in Heb. 8:8 en 9 (Jer. 31:31 tot 34) verstaan word. Die hernieude verbond word gesluit met die huis van Juda en die huis van Israel. YHVH se volk bestaan steeds slegs uit twee huise. In die voltooiing van YHVH se plan sal hierdie twee huise weer een word onder die Koningskap en Priesterskap van Yeshua Messias.

Wat vandag algemeen as die 'kerk' beskou word is die gemeente (Hebreeus: *qahal*, Grieks: *ekklesia*) van YHVH en inderwaarheid die huis van Efraim (Israel). Hulle is die nageslag van die tien sogenaamde 'verlore stamme', sowel as die nageslag van die vreemdelinge wat by hulle aangesluit het, naamlik ingeënt is op die mak olyfboom (Rom. 11:17 tot 20).

Die skrifte is egter vol profesie dat die twee Huise weer verenig gaan word. (Eseg. 37). Dit beteken dat God weet waar al die 'verlore' stamme is en dat Hy in die eindtyd op 'n wonderbaarlike manier almal weer bymekaar gaan bring (Jer 3:16 tot 18; Deut 30:1 tot 6)!

Hoe? Paulus skryf in Rom 11 dat ons die Jode moet jaloers maak en hoe kan ons dit doen? Kan dit dalk wees omrede ons YHVH volgens Torah dien en aanbid?

Die ware gemeente van Yeshua Messias bestaan dus uit Jode en nie-Jode. 'n Feit wat die kerk selde aan lidmate leer! Vir talle gelowiges is hierdie 'n skokkende en ontnugterende stelling. Vir sommige selfs 'n verwerplike gedagte, want talle glo dat die kerk Israel vervang het. Tog sal enige persoon wat die moeite doen om die Skrifte te ondersoek, tot die besef kom dat YHVH nie Sy volk, Israel, verstoot het nie (Rom. 11:1).

YHVH het 'n plan van herstel en versoening. Hierdie plan begin by Israel en sal by Israel eindig. Ons as gelowiges in Yeshua Messias is slegs deel van die plan op grond van YHVH se genade. Hierdie plan behels nie net die versoening van die mens met YHVH deur Yeshua Messias nie, maar wel ook die eenwording van die twee huise van Israel bestaande uit gelowige Jode en gelowige nie-Jode (onbesnedenes, vreemdelinge) volgens die profesie soos ondermeer in Eseg. 37:16 tot 19 opgeteken is:

“Jy, seun van ‘n mens, vat vir jouself een stok en skryf daarop: ‘Vir Y’hudah en vir die seuns van Yisra’el, sy bondgenote;’ vat dan ‘n ander stok en skryf daarop: ‘Vir Yosef, die stok van Efrayim en die hele huis van Yisra’el, sy bondgenote.’ Sit hulle vir jouself bymekaar, die een by die ander, in een stok, dat hulle een kan word in jou hand. Wanneer die seuns van jou volk met jou praat en sê: ‘Wil jy nie vir ons verklaar wat jy met hierdie dinge bedoel nie?’ Sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Let op, Ek sal die stok van Yosef vat, wat in die hand van Efrayim is en die stamme van Yisra’el, sy bondgenote en Ek sal hulle by hom sit, by die stok van Y’hudah en hulle een stok maak en hulle sal een word in My hand.”’” (PWL)

Hierdie eenwording behels dat Jode die Messias van die Christendom aanvaar en die Christendom die Torah van die Jode aanvaar, naamlik die onderrig en instruksies van YHVH aan Sy volk. Albei groepe was vir eeue gedeeltelik verblind. Die Christendom het net Yeshua as Messias gesien en Torah verwerp, terwyl die Jode (Judaïsme) slegs Torah gesien het en Yeshua verwerp het. Dit is wanneer beide groepe die volle waarheid van Yeshua en Torah sien dat eenwording van die twee stukke hout in YHVH se hand ‘n werklikheid word. Yeshua en Torah is een, want Yeshua is Torah, die lewende Woord wat vlees geword het (Joh. 1:1 en 2). Die twee moet in elke gelowige se lewe een word. Dan sal die woorde van Moses vervul word: *Ek sluit nie nou hierdie verbond en hierdie eed met jul alleen nie, maar beide met hulle wat vandag hier saam met ons voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, staan én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie.*

Talle Christene is egter van mening dat die kerk vir Israel in God se plan vervang het en dat dit derhalwe die Jood is wat by die kerk moet “aansluit” en nie andersom nie. Die feit is egter dat die saligheid uit die Jode is (Joh. 4:22). Die eerste volgelinge van Yeshua, naamlik die eerste wedergeborenes, was Jode. Talle Jode se harte was egter verhard en hulle het nie Yeshua as Messias aanvaar nie. Daarom het die saligheid ook tot die heidene gekom om hulle, die Jode, jaloers te maak (Rom. 11:11). YHVH se genade in Yeshua het uit die volk Israel gekom en sal uiteindelik in die volk Israel en in die land Israel voltooi word. Ons as nie-Jode word deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua aan die kruis deel van Israel en deel van YHVH se plan.

YHVH die Almagtige is baie duidelik oor die feit dat Sy plan met Israel ‘n ewige plan is (Lev. 26:44 en 45; Jer. 31:35 tot 37). Paulus bevestig dit ook in Rom.11:1.

Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook ‘n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin. God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie.

Beide die land van Israel en die volk van Israel behoort aan YHVH (Lev. 25:23; Deut. 11:12; Jes. 14:25). Dit was Vader-God se ewigheidsplan dat in hierdie land, en deur Sy volk, ons die Skrifte sou ontvang en die Messias sou verskyn wat die versoening met YHVH vir beide Jood en nie-Jood bewerkstellig het. In hierdie land, en deur Sy volk, sal Vader-God Sy ewigheidsplan voltooi, want dit is hier waar Yeshua Messias weer sal verskyn as die Koning van alle konings. Hy sal terugkeer as die Leeu van Juda!

Die beskouing van talle gelowiges dat die Kerk nie deel is van die volk wat YHVH reeds by die berg Sinai as Sy eiendom geïdentifiseer het nie, is dus verkeerd. Dit was van die begin af YHVH se plan. Die ‘kerk’ het nie in Handeling begin nie, maar wel reeds by die berg Sinai!

As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel. Ex.

19:5 en 6

Ons as nie-Jode wat deur geloof in Yeshua as Messias die geregtigheid van God is, is die wilde olyftak wat op die mak olyfboom ingeënt is.

En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou. Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie.
Rom.11:17 tot 21.

Die takke van die mak olyfboom (Jode) wat afgekap was, sal weer op hulle eie olyfboom ingeënt word (Rom. 11:24). Hierdie verharding van die harte van die Jode, naamlik van die huis van Juda, het ten dele oor Israel gekom *tot die volheid van die heidene* (huis van Josef / Efraim / Israel) *ingegaan het*. So sal die **hele Israel**, naamlik albei huise, gered word (Rom. 11:25 en 26).

Elke gelowige in Yeshua Messias is dus deel van die burgerskap (*commonwealth* – *die regte van 'n geestelike burger*) van Israel en van die verbonde. Paulus bevestig dit in sy brief aan die gemeente van Efese (Ef. 2:11 tot 22):

Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in daardie tyd sonder die Messias was, vervreemd van die burgerskap van Yiesraël en vreemdelinge met betrekking tot die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder Elohiem in die wêreld. Maar nou in die Messias Yahshua het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van die Messias. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die Torah van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met Elohiem kon versoen deur die folterpaal, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die afgesonderdes en huisgenote van Elohiem, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Yahshua die Messias self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n afgesonderde tempel in die Meester, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van Elohiem in die Gees (Woord en Getuienis)

Ons as gelowiges is nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die afgesonderdes (heiliges) en huisgenote van die God van Israel!!

Die Skrifte verklaar dat beide gelowige Jode en nie-Jode die nageslag van Abraham is en dus volgens die belofte aan Abraham ook erfgename (Gal.3:29). Nie-Jode (vreemdelinge) is dus kinders van Vader-God op grond van genade en geloof in die Messias, maar ook deur ons geloof is ons kinders van Abraham, die Vader van geloof (Rom. 4:11).

Israel is die oorspronklike olyfboom en Yeshua Messias is die stam (die Lewende Torah) van hierdie boom en waarvan YHVH die wortels is. Beide gelowige Jode en nie-Jode het dieselfde stam en voedingsbron. Nie-Jode (Christene) het dus 'n eeue-oue en kosbare “familiestamboom” en dit het Hebreeuse wortels. Ons is deel van die olyfboom en dus deel van YHVH se plan en dus deel van Israel!

Die eenwording van die twee huise het begin en sal deur Yeshua Messias self voltooi word. Wêreldwyd is Christene besig om terug te keer na Torah as die “handleiding” tot geregtigheid en heiligmaking van diegene wat deur geloof in Yeshua Messias geregverdig verklaar is. So ook is daar wêreldwyd Jode wat tot die besef kom dat Yeshua, hulle Messias, reeds gekom het en binnekort weer sal terugkeer.

Christene het ‘n Hebreeuse erfenis wat onafskeidbaar met Israel verbind is. Ons is saam met hulle medeburgers en huisgenote van YHVH. Die Woord van YHVH is baie duidelik dat almal wat Messias as die weg tot versoening met God aangeneem het, en Torah as handleiding vir die geregverdigde toepas, die sekerheid het om eendag na Jerusalem (Sion) terug te keer:

So sal dan die losgekooptes van YHVH teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydschap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg. Jes. 51:11

Opsomming

- ❖ Die Verbond met Abraham is op geloof gebaseer en is die basis tot redding.
- ❖ Die verbond van die wet (die Mosaïese verbond) is gebaseer op die goeie werke van geregtigheid wat uit geloof voortvloei en is die weg van lewe in oorvloed.
- ❖ Die hernieude verbond is die verbond van geloof en die verbond van die wet (Torah) wat op die tafels van ons harte geskryf is en in ons verstand gegee is en is die verbond wat YHVH met die huis van Israel (Efraim) en die huis van Juda gesluit het – met Jood en nie-Jood!

Bepeins of Bespreek

1. Die feit dat elke gelowige in Yeshua onafskeidbaar met Israel verbind is, het ook bepaalde gevolge. In die huidige politieke klimaat is ‘n vriend van Israel ‘n vyand van die wêreld. Israel het al minder vriende en die vyandskap teen hierdie land en sy mense neem uit alle oorde toe. Die vervolging van die Jode, asook die wat hulle by Israel skaar en met Israel identifiseer, is ‘n werklikheid. Reeds vir eeue probeer die vyande van YHVH die olyfboom vernietig en hierdie stryd neem steeds in felheid toe. As gelowige nie-Jood wat op die mak olyfboom ingeënt is, sal ons ook die vyandskap van die wêreld moet verduur. Is jy bereid en voorbereid hiervoor??
2. Diegene wat beweer dat hulle nie deel van Israel is nie, moet hulself vra van wie is hulle deel en kan hulle dit Skriftuurlik bevestig. Onthou: Yeshua het net een bruid en die einde sal deur die begin bekend gemaak word. YHVH vestig altyd ‘n patroon in Torah wat herhaal en bevestig sal word. Dan ook baie belangrik: Yeshua is ‘n Jood!

Deut. 29:29 – Die Geheimnisse Van YHVH

Die geheime dinge behoort aan יהוה, ons God, maar die geopenbaarde dinge behoort aan ons en ons seuns tot in ewigheid, dat ons al die woorde van hierdie wet moet hou. Deut. 29:29 – PWL.

Daar is sekere geheimnisse wat Vader-God nie aan ons openbaar nie. Daarom moet ons besef en aanvaar dat ons net ten dele ken, maar eendag sal ons ten volle ken, net soos ons ten

volle geken is (1 Kor. 13:12). Dit moet ons egter nie verhinder om sonder ophou te probeer om die geheimenisse van YHVH te ontdek en te probeer verstaan nie, want ons weet nie altyd watter is die wat ons nie nou sal verstaan nie.

Maar ons moet nie toelaat dat die pogings om YHVH se geheimenisse te ontdek tot verdeeldheid (skeuring) lei nie!! So dikwels is die dinge wat onverstaanbaar en onverklaarbaar is die oorsaak van verdeeldheid, twis en skeuring. Verskille in siening en verklaring van teologiese aspekte is dikwels die definisie wat aan die grense gegee word wat een denominasie (groep) van 'n ander skei of tot broedertwis lei. *There is no forum for unity when unity depends upon defining the indefinable.*

Moses verduidelik wel wat die basis van ons eenheid behoort te wees, naamlik YHVH se onderrig en instruksies en dat ons al die woorde van hierdie wet moet onderhou. Maar ons moet nie die geheimenisse wat aan YHVH behoort die brandpunt maak nie!! Nee, ons moet al ons energie spandeer om dit wat duidelik aan die mens openbaar is, na die beste van ons vermoë te onderhou en te doen.

Bepeins of Bespreek

1. Israel is saamgestel uit 12 stamme en elk het 'n eie identiteit. Onderwerping aan YHVH se Torah was (is) egter hulle samebiddende faktor en hulle behoud. Onder die ou verbond kon 'n Torah-gehoorsame Israel as die liggaam en gemeente van YHVH beskou word. Net so is 'n Torah-gehoorsame gemeente (Hebreeus: *qahal*; Grieks: *ekklesia*) van die hernieude verbond die ware liggaam van Yeshua, die vleesgeworde Torah. Is ons geneig om so te ver-Joods dat ons inderwaarheid ons identiteit verloor?
2. 'n Liggaamsdeel wat van 'n mens se liggaam afgesny word, is nie meer deel van die liggaam nie en sal tot niet gaan (verrot). Wanneer word ons afgesny van die liggaam van YHVH Yeshua? Bepeins of bespreek die volgende: YHVH = Torah = Yeshua = ek en jy = liggaam (*qahal*; *ekklesia*) = Israel.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 61:10 tot 63:9 – Die Herstel Van Israel

Hierdie, en sommige jare ook die Haftorah van Parashah 52, is die laaste Haftorah tussen *Tisha B'Av* (9 van die maand Av) en *Yom Teruah* (Fees van Basuin, *Rosh Hashanah*) – die sewe week tydperk wanneer Haftorot van vertroosting gelees word. Dit is profetiese woorde van vertroosting oor veral die tempel in Jerusalem wat vernietig is en die ballingskap van Israel, asook van die belofte van herstel wat sal plaasvind.

In hierdie week se parashah het ons geluister na die profetiese woorde van Moses aangaande Israel se hardheid van hart waarvan die gevolg was dat hulle uit die Beloofde Land uitgeruk was en hulle weggeslinger was na 'n ander land soos dit steeds vandag die geval met talle Jode is (Deut. 29:28). Maar reeds in verlede week se Haftorah het ons egter gelees: *Want in my toorn het Ek jou geslaan, maar in my welbehae het Ek My oor jou ontferm* (Jes. 60:10).

Beklee met Redding en Geregtigheid

Aansluitend hierby profeteer Jesaja nou verder oor die herstel van YHVH se volk en van Sy land Israel. Daarom spreek Jesaja die woorde wat oor Israel se lippe sal kom:

Ek is baie bly in Yahweh, my siel juig in my Elohiem; want Hy het my beklee met die klere van verlossing, my in die mantel van geregtigheid gewikkel (Jes. 61:10 – Woord en Getuienis).

Eerstens bevestig hierdie woorde dat Israel die *klere van verlossing* sal aantrek. Die Hebrees vir verlossing is *yesha* wat die grondwoord vir *yeshua* is – ‘n heenwysing na Yeshua Messias wat die Verlosser van Israel is. Jesaja profeteer dus oor die dag wat die hele Israel (albei huise) Yeshua as Messias sal aanvaar en Hom deur geloof in hulle harte sal ontvang.

Tweedens sal Israel met die *mantel van geregtigheid* toegevoeg word. Dawid leer ons in Ps. 119:172 wat YHVH se geregtigheid is: *My tong sal u woord besing, want al u gebooe is geregtigheid*. Torah – YHVH se onderrig en instruksies – is YHVH se geregtigheid! Daarom is geregtigheid om YHVH se Torah (gebooe, *mitzvot*) te onderhou (*sh'ma, sh'mar* en *asah*), en sonde is om ongeregtigheid (wetteloosheid) te doen, naamlik die oortreding van Torah (1 Joh. 3:4).

Jes. 61:10 bevestig dus die verband wat daar bestaan tussen geloof (vertroue) in die verlossingswerk van Yeshua aan die folterpaal en die werke van geregtigheid op grond van geloof. Paulus bevestig dit in sy brief aan die Efesiërs:

want dit is as gevolg van Sy onverdiende guns dat ons deur die vertroue gered is en dit is nie uit onself nie, dit is 'n geskenk van God, nie deur dade nie sodat niemand kan roem nie, want ons is Sy skepsele, wat geskape is in Die Gesalfde Een, Yeshua, vir die goeie dade wat God van die begin af vir ons voorberei het om in te leef. Efes. 2:8 tot 10 – PWL.

Terwyl dit waar is dat ons alleenlik deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua aan die kruis gered kan word, is dit eweneens waar dat ons as nuwe mens (wedergebore) in Messias Yeshua geskape is tot die werke van geregtigheid (goeie werke). Hierdie feit word ook deur Jakobus bevestig in sy verduideliking dat geloof sonder werke nuttelose (dooie) geloof is (Jak. 2:14 tot 21).

Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. Jak. 2:21 en 22

Reeds in Gen. 26:4 en 5 word hierdie waarheid bevestig, naamlik:

En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooe, my insettinge en my wette onderhou het.

Volgens al bogenoemde is dit duidelik dat geloof in Yeshua hand-aan-hand gaan met gehoorsaamheid aan Torah!!

In die boek van Openbaring leer ons dan ook wat die uitstaande kenmerke van die gelowiges in die eindtye sal wees, naamlik die getuienis van Yeshua as Messias en Torah-gehoorsaamheid:

En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooië van God bewaar en die getuïenis van Yeshua Messias hou. Open. 12:17

Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooië van God en die geloof in Yeshua bewaar. Open. 14:12

Nou kan ons die kleed van geregtigheid in Jes. 61:10 vergelyk met die bruijfskleed van Open. 19:7 tot 9:

Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die eer gee, want die bruijf van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die afgesonderdes. Toe sê hy vir my: Skryf: geseënd is die wat genooi is na die bruijfsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van Elohiem. (Woord en Getuïenis).

...for the fine linen is the righteousness of saints – King James vertaling.

...for the fine linnen is [signifies, represents] the righteousness – the upright, just and godly living [deeds, conduct] and right standing with God – of the saints [God's holy people] – Amplified Bible.

Die regverdige daad, naamlik Torah-gehoorsaamheid, van die heiliges (afgesonderdes) is die geregtigheid van God. Dit is die geregtigheid wat ons moet soek, ken en oprig! Die bruijfskleed is YHVH se kleed van geregtigheid waarmee diegene bekleed word wat Yeshua as Messias bely en wat volgens Vader-God se onderrig en instruksies lewe.

Lees weer:

- ❖ Ps. 119:172 (YHVH se gebooië is geregtigheid), asook
- ❖ Joh. 14:15, 21 en 23 (ware liefde vir Vader-God is om Sy gebooië te bewaar) en 1 Joh. 2:3 tot 6 (Om Vader-God te ken, is om sy gebooië te bewaar) en vergelyk dit met
- ❖ 2 Pet 3:14 (vlekkeloos en onberispelik voor Vader-God); Efes. 5:27 (bruid sonder vlek of rimpel); Heb. 12:14 (heiligmaking); Matt. 5:48 (volmaak te wees) en Joh. 12:48 (die woord van YHVH sal ons oordeel).

Al bogenoemde Skrifgedeeltes bevestig dat geloof in Yeshua as Messias opgevolg moet word deur die daad (werke) van geregtigheid wat heiligmaking is. Die resultaat van heiligmaking is 'n bruid sonder vlek of rimpel.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die bruid haar bruijfskleed ontvang het – sy het dit nie verdien nie! Die bruijfskleed word gegee aan die bruid wat haar verlustig in YHVH se wet (Ps. 1:1 en 2; Rom. 7:22). Die ware bruid is sy wat die Bruidegom so liefhet dat sy volgens die huwelikskontrak – die Torah – in alles aan Hom gehoorsaam wil wees. Op sy beurt het die Bruidegom Sy bruid so lief dat Hy haar sal vergewe wanneer sy uit swakheid 'n voorwaarde van die huwelikskontrak oortree. Terwyl die Bruidegom weg is om die plek (woning) vir die bruid voor te berei (Joh. 14:2), sal die Afgesonderde Gees die bruid ondersteun en leer hoe om in elke opsig gehoorsaam en getrou te wees. Die Bruidegom (Yeshua) toets en ken die hartsgesindheid van Sy bruid (*qahal, ekklesia, gemeente*).

Jesaja profeteer en sê: *Kyk die nasies sal jou geregtigheid sien en al die konings jou heerlikheid* (Jes. 62:2). Wanneer ons met YHVH se geregtigheid bekleed is, sal dit 'n sigbare manifestasie wees wat ander sal kan sien. Vergelyk dit met Jes. 60:1 tot 3. Dit moet 'n innerlike verandering wees wat uiterlik sigbaar word en as 'trekpleister' vir ander sal dien. Ons moet nie vir mense vertel dat ons YHVH se geregtigheid in Yeshua is nie (2 Kor. 5:21). Nee, hulle moet dit kan sien!!

Wagte op die mure

YHVH spreek deur Jesaja en sê: *Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurig deur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie* (Jes. 62:6). In die tyd van Israel van ouds was die rol van wagte 'n noodsaaklike diens vir die beveiliging van die gemeenskap en eiendom. Almal het staat gemaak op die betroubaarheid van die wagte om oor hulle te waak en veral om te waarsku as daar enige moontlike bedreiging mag wees. Wanneer daar in die Skrifte dus na die wagte verwys word, is dit diegene wat as geestelike wagte oor Israel (albei huise) aangestel word. Volgens Jes. 21:6, 11 en 12, asook Eseg. 3:17 en 33:2, 6 en 7 is hierdie wagte diegene wat aangestel is om YHVH se woord van waarskuwing en die onderrig in geregtigheid te verkondig. Maar Jesaja beskryf ook die geestelike verval van die wagte (herders) soos dit sal wees in die dae voor die herstel van Israel (Jes. 56:9 tot 12). Yeshua het ook hierna verwys (Joh. 10:7 tot 12).

Jeremia 6:16 tot 19 gee die 'taakoms krywing' van die wagte op die mure en wat die reaksie daarop gaan wees, naamlik:

So sê יהיה: "Staan langs die pad en kyk en vra na die ou paaie, waar die goeie pad is en loop daarin en julle sal rus vind vir julle lewe, maar hulle het gesê: 'Ons sal nie daarin loop nie.' Ek het ook wagte oor julle aangestel en gesê: 'Luister na die geluid van die ramshoring!' Hulle het egter geantwoord: 'Ons sal nie luister nie.' Daarom, hoor, o nasies en weet, o vergadering, wat onder hulle is, hoor, aarde: 'Let op, Ek bring 'n ramp oor hierdie volk, die vrug van hulle planne, want hulle het nie na My woorde geluister nie en My wet, dié het hulle ook verwerp. (PWL)

Die wagte op die mure moet YHVH se volk terugbring na die 'ou paaie' van onderrig in die geregtigheid van YHVH, naamlik sy Torah.

Maak die pad gereed

Gaan deur, gaan deur die poorte, maak die pad oop vir die mense! Bou op, bou op die hoofpad; verwyder die klippe, lig 'n banier op oor die volke! Jes. 62:10 (PWL).

Alvorens YHVH se volk terug kan keer na die 'ou paaie' van Vader-God se geregtigheid waarop ons vaders Abraham, Isak en Jakob gewandel het, moet die poorte van Babilon van geestelike gevangenskap oopgebreek word sodat die volk vry kan uitgaan. Dan moet die pad gelyk gemaak word *terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Messias* (2 Kor. 10:5). En op hierdie pad moet Yeshua Messias as die vleesgeworde Torah van YHVH opgelig word as banier en as rigtingwyser tot YHVH se geregtigheid.

Johannes die Doper het die weg vir Yeshua voorberei (Matt. 3:3) en was die heenwysing na die eindtye wanneer 'n menigte Johannes-die-dopers sal kom om die weg na die ou paaie van geloof in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah voor te berei. Tot aan die einde van die aarde sal gehoor word:

Kyk, jou heil (Yeshua) kom; kyk, sy loon is by Hom en sy beloning is voor sy aangesig. En hulle sal genoem word: die heilige volk, die verlostes van YHVH; en jy sal genoem word: die begerde, die stad wat nie verlaat is nie (Jes. 62:11 en 12)

Dan sal die profetiese woorde in Jes. 11:12 en 13 waar word:

....en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde. Dan sal die naywer van Efraim verdwyn, en die teëstanders van Juda sal uitgeroei word; Efraim sal Juda nie beny nie, en Juda sal Efraim nie benoud maak nie. Jes. 11:12 en 13

Die Edomiete word verslaan

“Ek het die wyn alleen deurgetrap en van die volke was daar niemand by My nie. Ek het hulle ook getrap in My woede en hulle vertrap in My toorn en hulle lewensbloed het op My klere gespat en Ek het al My klere bevlek, want die dag van wraak was in My verstand, wil en emosie en My jaar van loskoping het gekom (Jes. 63:3 en 4).

Edom is nie net verwysend na die direkte afstammeling van Esau nie, maar ook 'n sinnebeeld van alle volke wat deur die eeue Israel se vyande was en in die eindtye sal wees. Vergelyk Open. 14:14 tot 20. Soos Esau die terugkeer van Jakob na die Beloofde Land wou verhinder (Genesis 32), net so gebeur dit vandag dat die 'Edomiete' die terugkeer van Jakob en sy nageslag verhinder en die vestiging van Israel as staat met haat en geweld teenstaan. Maar, uiteindelik sal Edom vernietig word. Dit is die belofte en die troos!! Ander Skrifverwysings van Edom se vernietiging sluit onder meer die volgende in: Jer 49:7 tot 22; Eseg 25:12 tot 14; Eseg. 35:1 tot 15; Eseg. 36:5; Joël 3:19; Amos 1:6, 9, 11; 2:1; Obadja 1:1 tot 21 en Mal. 1:4.

Ek sal die liefdevolle goedheid van יהרה noem, die lofprijsing van יהרה, volgens alles wat יהרה aan ons toegestaan het en die groot goedheid teenoor die huis van Yisra'el, wat Hy aan hulle toegestaan het volgens Sy omgee en volgens die oorfloed van Sy liefdevolle goedheid, want Hy het gesê: “Hulle is sekerlik My volk, kinders wat nie vals sal wees nie.” So het Hy hulle Verlosser geword. In al hulle pyniging was Hy gepynig en die Engel van Sy Teenwoordigheid het hulle gered; in Sy liefde en in Sy omgee het Hy hulle losgekoop en Hy het hulle opgetel en hulle gedra, al die dae van ouds. Jes. 63:7 tot 9 – PWL.

Bepeins of Bespreek:

1. Lees Matt. 7:21 tot 23, veral vers 23 wat lees: *Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!* Gesien in die lig van wat geregtigheid is, is die vraag of diegene wat ongeregtigheid doen die Koninkryk van God binnegaan? Bepeins of bespreek dit in die lig van die betekenis van Jes. 61:10, asook Matt. 6:33 en Rom. 10:1 tot 3.
2. Kan mense ons geregtigheid sien en YHVH se heerlikheid ervaar indien ons dieselfde lyk, praat en doen as die wêreld of deur die heidense gebruike wat die kerk binnegedring het te volg? Is die vernuwing van die gemoed (Rom. 12:2) dan nie juis om ons anders as die wêreld (en die hedendaagse kerk) te maak nie?
3. *"When there's something in the Bible that churches don't like, they call it: legalism – Leonard Ravenhill.* Is dit waar en indien wel noem voorbeelde. Selfs al hou die kerk net 'n enkele gebod van die ou verbond (soos die gee van tiendes) dan kan daar tog nie gesê

word dat hulle vry van die wet is nie!! Om te verklaar dat jy vry van die wet (die Torah) is, is om te verklaar dat jy vry van die Vader se liefdevolle onderrig is!

4. Wie is aangestel as wagters op die mure? Is dit net die geestelike leiers of herders van die gemeente? Maak die opdrag in Matt. 28:19 nie van al die dissipels van Yeshua wagters op die mure nie? Verwys ook 2 Tim. 2:15 en 2 Tim. 3:16 en 17. Onthou ook: Ons het dieselfde evangelie gehoor as Israel by die berg Sinai (Heb. 4:2).
5. Psalm 134 is geskryf as verwysend na die tempel wagte wat gedurende die nagwaak gereeld luidkeels moes uitroep om te bevestig hulle is wakker en op sy pos. Die eerste wag sou vers 1 luidkeels spreek, gevolg deur die volgende wag wat vers 2 sou spreek en die derde wag vers 3.
6. Wie is die *Engel van Sy Teenwoordigheid (aangesig)*(Jes. 63:9)? Die Hebreeus vir engel is *malak* en beteken *boodskapper of verteenwoordiger*. Is hierdie taak van die Engel van Sy Teenwoordigheid nie dit wat in die vier Evangelies beskryf word nie? Was Yeshua die Engel (Boodskapper) van YHVH se Teenwoordigheid op aarde? Het ons nie hierdie 'taak' by Yeshua oorgeneem nie? Is jy 'n ware boodskapper en verteenwoordiger van YHVH?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete in Yeshua Messias.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.